

Saterdag 6 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 3:1-10

Fokusgedeelte: Handeling 3:6

Die enigste genesing vir 'n verlamde wêreld!

Ons mense het dikwels nie die insig in ons diepste nood nie. Ons besef gewoon nie wat die oplossing (néé, verlossing) vir ons sukkelende, gebroke bestaan op aarde is nie. Soos hierdie man wat al sy hele lewe lank verlam is, en hier op 'n baie strategiese plek deur sy mense neergesit is om te bedel. Hy sit immers by die Mooipoort, 'n toegang na die tempel, in die hoop dat die tempelgangers (gelowiges) iets ('n geldjie) vir hom sal gee.

Opvallend dat Petrus en Johannes nie oogkontak met die verlamde vermy soos wat ons dikwels met bedelaars maak nie. Inteendeel, hulle kyk hom in die oë en versoek dat hy ook stip na hulle kyk. Dit is al die eerste tree na 'n verlamde (en verlore) mensdom ... Die tweede tree is om te gee wat werklik nodig is ... en wat waarlik blywende (en ewige) genesing bied: *“Geld het ek nie, maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop.”*

Nee, dit is nie dat geld (en materiële versorging) nie belangrik is nie, maar dis tydelike uitkoms, en ook nie die eerste (en enigste) roeping van die kerk van Jesus Christus nie. Die feit is, ons wêreld ly aan die sonde en aan die effek (gevolge) van sonde (en dit kan baie ander gestaltes aanneem as dié van die verlamde man). En ... die enigste genesing hiervoor is Jesus Christus wat, deur sy sterwe en opstanding, bevryding uit die mag en die gevolge van die sonde bewerk het.

Dit is die boodskap wat Jesus Christus aan sy kerk toevertrou het (Hand. 1:8). Dit (Hy) is ook die boodskap wat Petrus preek direk nadat die Heilige Gees uitgestort is (Hand. 2:14-36).

Mag ek en jy die wêreld in die oë kyk, en die beste nuus ooit – ewige genesing – verkondig en leef!

Sing: Skrifberyming 11-1:1, 5

Ds. HC van Rooy (Charl) (Randburg)